



**SA BOERPERD**

**2012 NUUSBRIEF No. 2**

### *Goeiedag Boerperd Vriende*

*Teen hierdie tyd van die jaar het ons almal al die winter begin voel en die vullens begin speen. Die jaar stap aan en ons het al die Mpumalanga, sowel as die Vrystaat se streekkampioenskappe agter die rug. Die skouprogram van die KZN Streekkampioenskappe (12 - 14 Julie) is ook reeds op die internet beskikbaar.*

*Uit die terugvoer van vorige skoue, blyk dit dat daar soms 'n mate van grys areas ontstaan m.b.t. skoureëls, kleredrag, ens. Daarom het ons dit goed gedink om die onduidelikhede wat opduik dan ook op 'n gereelde basis in hierdie nuusbrief aan te spreek. Indien daar verdere vrae is in die verband, kan u dit gerus aan my e-pos. Ek sal dan sorg dat dit in die volgende nuusbrief aandag geniet. Ons wil dan ook graag die volgende nuusbrief uitbring kort voor die Nasionale skou (begin September 2012). Die inhoud van die 3de nuusbrief sal dus in geheel gewy word aan die voorbereiding die Nasionale Skou.*

*Soos voorheen, is baie van die nuus alreeds per e-pos of sms aan u gekommunikeer. Die herhaling daarvan in hierdie skrywe is dus net weereens 'n bevestiging dat almal dit gekry het."*

### **In hierdie nuusbrief:**

- 1. Contageous Equine Metritis**
- 2. 2012 SA Boerperd Joernaal**
- 3. Jeugkomitee**
- 4. Skoureëls**
  - 4.1 Kleredrag**
  - 4.2 SANEF vs BOERPERD reëls**
- 5. Nasionale Skou: Parys**
  - 5.1 Morgan Proewe 2013**
  - 5.2 Skouspring**
  - 5.3 Skou advertensie**
- 6. Belangrike datums**

Rig navrae en bydraes aan  
my by:

[pietgrove@mweb.co.za](mailto:pietgrove@mweb.co.za)

Sel: 083 301 1633



*Groete!*  
*Piet Grove*


## 1. CONTAGEOUS EQUINE METRITIS (CEM)

Teen hierdie tyd weet almal dat ALLE hingste al getoets moes gewees het vir CEM. As u nog nie werk daarvan gemaak het nie, is dit nou u laaste kans. Indien u hingste reeds getoets is, maar u het nog geen terugvoer ontvang nie, kan u die proses op die internet nagaan. Alle hingste wat vry verklaar is van CEM is gelys op 'n spesiale webtuiste. Volg die aanwysings hieronder om seker te maak u hings is wel gelys:



WEBTUISTE: <http://www.cemsa.co.za>



- Daar verskyn 'n bladsy waarby u kan inteken, maar dit is nie nodig nie.
- Klik daaronder op die letters:  
"VIEW CLEARED STALLION LIST"
- Klik op die dubbelpyltjies regs : 
- Dit wys nou: "*show search options*"
- Klik op "*add field*"
- Kies "*breed*", dan "*Boerperd*".
- Kies "*search*".

Die rekenaar sal dan 'n alfabetiese lys van die Boerperde wat reeds getoets is genereer. Lees maar versigtig, daar is redelik baie spelfoute. Sommige perde se voorvoegsels is ook nie gelys nie. Indien daar steeds 'n problem is, kan u 'n e-pos stuur d.m.v. die opsie wat ook duidelik beskikbaar is. MAAK ASB. DRINGEND WERK HIERVAN!!!

## 2. SA BOERPERD JOERNAAL 2012

Ons sien reeds met groot afwagting uit na die nuwe SA Boerperd Joernaal wat weer onder redaksie van Ds. Samuel Louw plaasvind. Soos met enige groot projek, gaan dit maar min sonder 'n probleempie hier en daar gepaard. In hierdie geval was die ontwerpers en drukkers dit eens dat die formaat van die publikasie verander word na A4 grootte. Dit sal meer koste-effektief wees. Die implikasie daarvan is egter dat al die advertensies dan ook in daardie formaat (A4 – *portrait*) ingegee moet moet. Om almal tegemoet te kom, is die datum vir die inhandiging van advertensies dus aangeskuif na 30 Junie 2012

### Kontakbesonderhede:

Redakteur, ds. Samuel Louw: 082465 4725

Bladuitleg, Renata Louwrens: 082 222 3410

### PRYSE

Halfblad: R 1 000.00

Volblad: R 1 500.00

Dubbelblad: R 3 000.00

Bespreek egter asb. vroegtydig u plek vir 'n advertensieblad in die joernaal by Ds. Samuel Louw. Dit is nie nodig om onmiddelik daarvoor te betaal nie. Nadat alle materiaal ontvang is, sal die inligting dan aan Elize deurgegee word en u sal 'n faktuur (rekening) daarvoor ontvang.



Daar is nog weinig nominasies / inskrywings vir die voorblad van die joernaal ontvang. Daarom doen ons ook 'n beroep op almal wat sulke kwaliteit foto's het om dit ook gerus in te stuur vir oorweging.

### 3. JEUGKOMITEE

**Bydrae deur Liezelle Whitehead**

Daar het wonderlike inisiatief uit ons jongmense se geledere gekom en 'n behoefte is geïdentifiseer om 'n SA Boerperd Jeugkomitee te stig.

Daar is werklik 'n geleentheid vir ons jongmense tussen die verskillende provinsies en dissiplines om mekaar beter te leer ken, samehorigheid te skep, hul bekommernisse en vrae op 'n georganiseerde wyse met mekaar en hul aangewese Raadslid te deel, sowel as spanbou aktiwiteite aan te pak.

Die verskillende verteenwoordigers vir die provinsies is ons huidige Ruiterkunsspan:

Ansie Uys	-	Wes en Oos Kaap. Sel 072 441 0080
Hans Schutte	-	Wes en Oos Kaap. Sel 082 813 8789
Dedré Cloete	-	Noordwes en Noord Kaap. Sel 073 617 3339
Riekie Engelbrecht	-	Vrystaat en Natal. Sel 076 682 6748
Linda Meintjies	-	Mpumalanga. Sel 083 298 0078
Kristen Joubert	-	Gauteng. Sel 083 289 9221

Ek wil u graag vra dat u u kinders aanmoedig om hierdie jongmense te kontak en in te skakel by hierdie konsep. Om die jeug te motiveer en te behou vir die toekoms is werklik van belang. Ons beplan dat daar een aktiwiteit per streek teen die einde van die jaar vir die jongmense in hul streke sal plaasvind en dat hulle almal saam 'n funksie tydens die Nasionale Kampioenskappe in Parys sal hê.

Indien u enige voorstelle het of wil help om hierdie in 'n groot sukses verhaal te omskep, is u welkom om vir my of Lomon Terreblanche te kontak.

**Lomon Terreblanche : 082 384 0155**

**Liezelle Whitehead : 082 261 0158**

## 4. Nasionale Skou, Parys 2012: 1 – 6 Oktober 2012

### 4.1 Morgan Proewe 2013

**Bydrae deur Liezelle Whitehead**

Ons SA Boerperd Ruiterspan vertrek oor 'n maand Lexington Kentucky toe en daar heers groot opgewondenheid onder die hele span. Dit gaan 'n wonderlike leerskool en ervaring vir ons ruiters wees.

Die Morgan span besoek ons natuurlik in 2013 en volgens beplanning sal hierdie internasionale ruiterspan kompetisie tydens die 2013 Nasionale Kampioenskappe in Parys plaasvind. Die kompetisie sal dieselfde struktuur behou waar daar met een perd per ruiter in drie verskillende rystyle meegeding word. Dit is natuurlik Standard seat, Saddleseat en Dryfkuns.

Die belangrikheid vir ons ras is dat ons die beste 12 perde (6 vir hulle en 6 vir ons) vir hierdie kompetisie moet hê indien ons ons reputasie as veelsydige perd van Suid Afrika gestand wil doen. Hierdie 12 perde moet kan inspan, ruiterspan toetse ry en tegnies kan aanpas tussen *saddleseat* en *standard seat*.

Ek glo dat dit werklik 'n eer sal wees vir die 12 perde wat uiteindelik gebruik sal word en dat daar goeie blootstelling in sal wees. Ons beplan dat hierdie perde 'n toekenning sal kry wat erkenning vir elke perd en sy eienaar sal meebring. Daarom wil ek u graag vroegtydig aanmoedig om solank in terme van die skoling van u perde u gedagtes te laat gaan.

Ons beplan om die 2013 SA Boerperd Ruiterspan tydens die 2012 Nasionale Kampioenskappe te kies. Ruiters wat kwalifiseer om aan die proewe deel te neem moes aan EEN SA Boerperd Streekskampioenskap, asook die SA Boerperd Nasionale Kampioenskappe van die kalenderjaar waarin die proewe gehou word, deelgeneem het. Die proewe sal Maandag 1 Oktober in Parys by die Afri Dome plaasvind en daar sal van die ruiters verwag word om al die genoemde rystyle te kan doen. Hulle sal ook gevra word om perde te ruil en daar word na die tegniese toepassing van die rystyle sowel as 'horsemanship' gekyk.

Die proewe gaan die vorm van 'n interprovinsiale kompetisie aanneem en ons wil al die kinders bo 12 maar onder 19 graag aanmoedig om binne hul streke te groepeer en in spanverband te kom deelneem. Daar hoef nie provinsiale klere ens. toegeken te word nie; hierdie is wel 'n goeie geleentheid vir die jonkmeisies binne die verskillende streke om mekaar beter te leer ken en lekker saam te kan spanbou. Ons huidige Ruiterspan en Jeugkomitee sal as verteenwoordigers vir die streke optree en skakel asb met hulle (kyk punt 3 vir name en kontakbesonderhede).

Baie belangrik: elke ruiter wat proewe toe kom, moet **twee** perde hê vir oorweging vir die finale 12 perde. Dus die perd waarmee die ruiter aan die proewe deelneem moet tot voordeel van die ruiter wees en goed afgerig en geskik vir hierdie kompetisie wees. Dan kan die ruiter sy eie tweede perd nomineer of 'n ander persoon met wie hy reeds geskakel het se perd as nominasie gebruik vir sy tweede perd. Die finale 12 perde sal by 'n latere geleentheid gekies word en die ruiters het nie nodig om tydens die proewe beide perde daar te hê nie.

Dit is hier waar persone wat nie kinderruiters het nie, maar weet dat hulle geskikte perde vir hierdie kompetisie het asb. 'n hand moet uitsteek na die kinders toe deur hul perde beskikbaar te maak vir die kompetisie. Kontak my gerus indien u nie die toetse wat gery moet word ontvang het nie (dit is voorheen per e-pos gestuur).

Hierdie is 'n toets en geleentheid vir ons perde en ruiters en ek verseker u dat daar deesdae met ander oë na veral ons ruiters gekyk word deur persone in die breë perde wêreld.

**Liezelle Whitehead: 082 361 0158**

## 4.2 Skouspring 2012

Daar is hierdie jaar besluit om Saterdag, 6 Oktober 2012 in geheel af te staan aan skouspring. Die skouspring gaan 'n "oop" skou wees, m.a.w. enige ras sal daaraan kan deelneem. Ons hoop dan ook om op dié manier 'n groot deel van die week se skoukoste te delg. U kan gerus nou al die woord begin versprei. Dit is 'n voorreg om in die *Afri-Dome* te kan spring en ons verwag dat perde van heinde en verre sal kom om in die voorreg te deel. SANEF reëls word toegepas soos by 'n "training"-skou.



## 5. SKOUREëLS....en al die grys areas....

### 5.1 Tradisionele Skoudrag

**Bydrae deur Liezelle Whitehead**

Daar is twee verskillende tipes rydrag wat aan die tradisionele kant in die skoubaan toegelaat word:

1. Die eerste is die drag wat in die universele klasse toegelaat word (Sien reëls asb.).
2. Alternatiewelik kan daar van die Tradisionele rypak gebruik gemaak word.

Ek bespreek graag opsie 2 aangesien daar verwarring en onsekerheid bestaan.

**Kleure** : die rybroek soos in alle gevalle kan slegs van verskillende skakerings van khaki gemaak word. Die baadjie kan van konserwatief geruite kleure, effekleur bruin, donkerblou/navy, swart of aardse tipe kleure gemaak word. Daar kan 'n strepie deel wees van die material. Maar aardse kleure is by implikasie nie rooi, wit of room kleur nie. 'n Donkerder of konserwatiewe kleur is altyd mooier by die khaki-kleurige broek.

**Lengte en snit** : die rybroek is 'n spesiaal gesnyde broek wat redelik styfpassend om die bobene is, nouer om die knieë sit en slegs effens uitklok na die hak toe. Die hak is gerond en moet gelyk met die ruiter se stewel se hak sit wanneer hy op sy perd sit en is nie in 'n skerp punt gesny nie. Daar is 'n rekkie aan die onderkant van die broek om die broek in posisie te hou.

Die baadjie is ook spesiaal gesny om styfpassend om die middel van die ruiter te sit en het gewoonlik slegs een knoop aangesien 'n onderbaadjie onder die baadjie gedra word en twee splete aan die agterkant om elegant te vertoon. **Die baadjie mag nie langer as die ruiter se kneukels wees wanneer die ruiter in 'n ontspanne posisie staan nie.** Dit is min of meer net onder die boud van die ruiter. Die onderbaadjie lyk goed wanneer dit of die kleur van die rybroek is of die kleur van die baadjie en dit is wat ons aanbeveel.

Hierdie rypak werk as 'n stel met die onderbaadjie, dus rybroek en baadjie as geheel. Daar kan nie net van die baadjie gebruik gemaak word en dan met *jodhpurs* en kamaste as rybroek gery word nie.

**Materiaal** : Trivera en Wol

#### **Verskaffers**

**Wes Kaap:** Martinus in Worchester  
Tel 023 342 4452

**Gauteng:** Marinda in Pretoria  
Sel 072 801 7705

**Vrystaat:** Marietjie in Bloemfontein  
Sel 084 657 6254

#### **Broek**


Erika Burger 082 895 5929 van Sutherland kan ook die broeke maak. Standaard winkel groottes sal gebruik word en indien aanpassings nodig is sal sy dit so inwerk. Sy stel material (Fourway Stretch) wat effens rekkerig is voor om gemak te bevorder

#### **Hoed**

'n Harde ryhoed, *bowler* (met 'n ronde bol), of *derby* (met 'n duik/spleet op die bol) is toelaatbaar. Dit lyk soos die *Robin Hood*-tipe hoed. Mans kan met 'n villhoed ry waarvan die rand nie breër as 8cm is nie.

**Kleure:** skakerings van swart, bruin, vaal of grys. GEEN *top hat* is toelaatbaar nie. Die hoed mag nie 'n plat bol hê nie.

Ek hoop dat hierdie riglyne onduidelikhede aanspreek, maar wil graag vra dat u my kontak indien u enige twyfel het i.v.m. die tradisionele skoudrag.



*.....a picture speaks  
more than a  
thousand words.....*





## 5.2 SANEF vs Boerperd skoureëls

Soos u reeds weet, skou die universele perde onder SANEF reëls, met die uitsondering soos gestipuleer in die skoureeëls. Op die laaste raadsvergadering is besluit dat ook die SANEF reël wat stipuleer dat geeneen behalwe die betrokke perd se ruiter die perd mag ry of opwarm tydens 'n skou nie, ook geskrap word. Enige afrigter, staljong ens. mag dus in die vervolgtog voor, tydens en na die skou opwarm. SANEF reëls word dus toegepas met die uitsondering van die volgende (SA Boerperd Telersgenootskap: Algemene Skoureeëls soos hersien op 30/7/2011, P 4, 1.8):

- Rasstandaard
- Vleg van maanhare en stert
- Hoogte beperkings van perde
- Hoewe en beslaning
- Vals sterte
- Dresseerpeitse – In Hand klasse
- Hingste in Junior klasse (Juniors onder 19 jaar)
- Opgradering van kinders bo 11 jaar, maar onder 15 jaar wat hingste ry na Juniors onder 19 klasse
- Bepaling van ouderdomme van Kinders, Juniors en Volwassenes
- Vervanging van perde tydens 'n Nasionale Kampioenskap skou
- Universele Klasbeskrywings en prosedures.

Vergewis uself gerus ook van SANEF skoureeëls verkrygbaar by <http://www.horsesport.org.za>. Dit is 'n lywige document, so begin betyds lees!

## 5.3 GESOEK: Foto's vir 2012 Nasionale Skou bemarkingsveldtog

Indien u in besit is van mooi foto's wat u dink gebruik kan word in die bemarkingsveldtog vir die 2012 Nasionale skou, kan u asb. vir Liezelle kontak. Hou in gedagte dat hierdie foto's van goeie kwaliteit moet wees, aangesien dit gebruik gaan word in advertensies in tydskrifte, sowel as op plakkate.

**Liezelle Whitehead: 082 361 0158**



## 6. Belangrike Datums (ook op webblad: <http://www.saboerperd.com>)

TOP 3 Veiling 16 Junie 2012 Kroonstad  Meer inligting op die webblad	KZN Streekkampioenskappe & Hingskeuring Vryheid 11-14 Julie 2012	Calela Produksie veiling Ermelo  11 Augustus 2012	Gauteng Streekkampioenskappe  Misty Meadows 17-18 Augustus 2012
--	---	---	---